Tekste: Gesang 180; Openbaring 1: 4c-5a, 2022; Klaagliedere 3: 31-33, 1983.
Fokus teks: Handelinge 2: 1-4, 37-42.
Liedere: Gesang 163; Gesang 207: 1, 3-4; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

INLEIDING:

Pinkster is afgelei van die Griekse (πεντηκοστὴ [ἡμέρα]), pentēkostē [hēméra], letterlik: "vyftigste [dag].” Dit is 'n Christelike fees ter herinnering aan 'n belofte wat Jesus van Nasaret vir sy volgelinge gemaak het, hiervolgens so hy vyftig dae ná sy opstanding 'n helper, die Heilige Gees, stuur om sy aanhangers, wat in Jerusalem vergader, met nuwe krag te beklee. Pinkster word sedert die 3de eeu as 'n Christelike fees gevier. Die eerste historiese verwysing na die fees dateer selfs terug na die jaar 130 n.C. In ooreenstemming hiermee val die Christelike Pinksterfees op die vyftigste dag ná Pase.

TOETREDE:

U alleen is my hartsverlange en ek bring aan U die eer
Gesang 163.

Tekste: Gesang 180; Openbaring 1: 4c-5a, 2022; Klaagliedere 3: 31-33, 1983.
Fokus teks: Handelinge 2: 1-4, 37-42.
Liedere: Gesang 163; Gesang 207: 1, 3-4; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4.

VOTUM:

Eer aan die Vader en die Seun, en die Heilige Gees, soos dit was aan die begin, toe en so ook nou en van ewigheid tot ewigheid (Gesang 180).

SEËN:

Genade en vrede word aan ons geskenk van Hom wat is, en Hom wat was, en Hom wat op pad is. En van die sewe Geeste wat voor sy troon in die hemel aanwesig is – dit is die Gees in al sy volheid. En van Jesus Christus. Hy is die getuie wat betroubaar is in alles wat Hy doen en sê (Openbaring 1: 4c-5a, 2022). Amen.

SANG:

Ere aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees ~ Gesang 207: 1, 3-4

Tekste: Gesang 180; Openbaring 1: 4c-5a, 2022; Klaagliedere 3: 31-33, 1983.
Fokus teks: Handelinge 2: 1-4, 37-42.
Liedere: Gesang 163; Gesang 207: 1, 3-4; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4.

‘n GELOOFSBELYDENIS oor wie en wat die Here is: KLAAGLIEDERE 3: 31-33

31 Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie;
32 as Hy beproewing oor 'n mens gebring het,
ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot:
33 dit is teen sy sin
dat Hy mense in ellende en beproewing bring.

Jeremia plaas sy ellende hier op die tafel. Hy beleef die ballingskap so erg, dat dit vir hom voel asof hy persoonlik in God se toorn geplaas is. Dit is asof hy die pad loop waar daar geen lig is nie. Die voel vir hom asof sy gebede nêrens kom nie en asof God weier om sy gebede te verhoor. Dit voel vir hom of daar geen uitkom plek is nie. Jeremia voel asof die Here hom verlaat het. Dit maak sy lewe galbitter.

Dan sê Jeremia, dit is sy hoop: God se troue liefde bly standvastig, selfs wanneer ons in die diepste gat is. God se trou is so groot, sê Jeremia, dat ‘n mens op Hom kan bly hoop en voortdurend na sy wil kan vra.

Dit is dus goed om geduldig te wag op die hulp van die Here, selfs al bevind jy jou in ‘n gat.

Ons bely daarom saam met Jeremia: Ons hoop is dat die Here ons nie vir altyd verstoot nie!
Amen.

GEBED:

SANG:
Wees genadig, Heer, spreek my vry. Wees genadig, Heer, spreek my vry. Neem my aan, o Heer, maak my vry. Leer my bid, o Heer, meer en meer. ~ VONKK 180: 1-4

PREEK:
Ons begin ons Pinkster reis vandag in Handelinge 2: 1-4, 2020

Tekste: Gesang 180; Openbaring 1: 4c-5a, 2022; Klaagliedere 3: 31-33, 1983.
Fokus teks: Handelinge 2: 1-4, 37-42.
Liedere: Gesang 163; Gesang 207: 1, 3-4; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4.

---

[1]Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. [2]Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

PREEK:

Ons lees dat hulle almal op een plek bymekaar was ~ Jerusalem. Die logiese vraag is: Wat maak hulle in Jerusalem? Die eenvoudige antwoord is: hulle is bymekaar om een van die drie groot Joodse feeste te vier, naamlik die fees van die oes of ook genoem die fees van die weke. Die ander twee groot feeste is: Paasfees en Huttefees.

In die Bybel is daar reëls wat bepaal dat niemand op daardie dag mag werk nie en dat die Israeliete na die tempel toe moet gaan om voor God te verskyn. ‘n

Gewyde dag, gewy aan God en God se ingrype in mense se lewe.

Oorspronklik was die fees van die weke 'n oesfees. Die fees is vernoem na die Joodse gebruik om sewe weke vanaf die Paasfees tot by die fees van die weke (fees van die oes) te tel. Tydens die fees van die weke het die Israeliete graanoffers uit die nuwe graanoes gebring om God vir die oes te dank. Hulle het op hierdie manier naby aan die aarde en naby aan God gelewe.

In die Joodse tradisie het die fees van die weke (fees van die oes) vanaf die tweede eeu v.C. 'n merkwaardige verandering ondergaan. Die oesfees-aspek het op die agtergrond vervaag en in die plek daarvan is die fees van die weke verbind aan die herinnering aan die ontvangs van die Tora (Wet)op Sinaiberg. Hierdie oomblik was die afsluiting van die bevryding wat in Egipte begin het.

Hierdie verandering sluit aan by 'n meer algemene tendens in die Bybel om die oorspronklike landboufeeste

aan belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van Israel te verbind.

Tydens hierdie fees was dit tradisie dat daar in die sinagoge uit die boek Rut gelees word. Daar is veral gefokus op die versorging van vreemdelinge en diegene wat verdruk word. Gedurende die fees van die weke word die sinagoge versier met blomme en plante. Een van die gebruike is om deur die nag wakker te bly en die Tora (Wet) te bestudeer.

In Handelinge 2: 1-4 lees ons dat Jesus se apostels en baie ander mense (ongeveer 3000) in Jerusalem bymekaar was. Jesus het by sy hemelvaart belowe dat hulle nie alleen sal wees nie, en op daardie dag stort God sy Heilige Gees op die mense uit.

Dit was ‘n dramatiese gebeurtenis. Uit die hemel kom daar vuur tonge en in die vuur tonge kom die Gees van God op mense. Daar was ook ‘n geweldige geluid soos ‘n stormwind, wat die hele kamer gevul het. Hulle begin

in verskillende wêreld tale praat en die evangelie kan gaan na alle mense (in elkeen se eie taal).

HANDELINGE 2: 37-42

37 By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: “Wat moet ons doen, broers?”
38 Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. 39 Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.”
40 Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: “Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit.”
41 Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. 42 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge

verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

PREEK:

Op daardie dag het Petrus opgestaan en begin preek. Alles onder leiding van die Heilige Gees. Petrus het die opgestane Heer verkondig. Jesus lewe en die wat in Hom glo sal vir ewig lewe. Die inhoud van Petrus se preek het oor niks en niemand anders as Jesus Christus die opgestane Here gegaan nie. Mense het dit gehoor en ongeveer 3000 mense het tot bekering gekom.

Twee duisend jaar later en dieselfde boodskap word ook hier in ons gemeente onder leiding van die Heilige Gees gepreek. Wat gaan ek en jy daarmee maak?

Die eerste gemeente van die Christelike Kerk was uniek. Maar so is elke gemeente van die Here in elke kerk reg oor die wêreld. Zuurfontein is ‘n uniek gemeente van die Here. Ek en jy is ‘n unieke volgeling en gestuurde van die Here.

Ons hoor ook vandag die Woord van die Here in ons eie moedertaal. Dit is ons verantwoordelikheid om hierdie Woord van God te leer ken. Nou is dit moontlik dat jy vir my kan sê jy woon die eredienste gereeld by, en jy lees gereeld die Bybel en jy doen getrou Bybelstudie. Alles tot eer van die Here.

Dit bring ons in die geloof ook nader aan mekaar. Ons word broers en susters in die geloof. God is ons Vader, Jesus Christus ons Leermeester en die Heilige Gees ons Trooster.

Maar wat daarvan? Al hierdie moet uitloop op ons wat opstaan en tot aksie oorgaan. Soos die mense wat Petrus se preek in hulle eie taal gehoor het ... op Pinkster, ongeveer 2000 jaar gelede. Ek en jy word deur die Heilige Gees toegerus om uit te gaan en vir die wêreld van die opgestane Heer te gaan vertel.

Amen.

Tekste: Gesang 180; Openbaring 1: 4c-5a, 2022; Klaagliedere 3: 31-33, 1983.
Fokus teks: Handelinge 2: 1-4, 37-42.
Liedere: Gesang 163; Gesang 207: 1, 3-4; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4.

SANG:

Ons bid die seënbede op onsself af en sing die seënbede ander toe ~ Gesang 268. Daarna word ons stil en laat alles insak terwyl die melodie nog twee maal speel.